**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

IN DIE NOORD GAUTENG HOe HOF,

PRETORIA (REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

Saaknommer: 1110/2010

DATUM:23/05/2011

In die saak tussen:

L T MASILO Appellant

en

DIE PADONGELUKKEFONDS Respondent

UITSPRAAK

GOODEY WR:

[1] INLEIDING:

(1.1) Hierdie aangeleentheid het slegs op quantum betrekking.

(1.2) Hierdie is slegs (per ooreenkoms met die advokate) 'n kort uitspraak en sal ek op 'n

latere stadium meer volledige redes verskaf indien so versoek.

(1.3) Die partye het 'n konsep-bevei opgestel ten opsigte waarvan ek versoek is om dit 'n bevel te maak, nadat ek siegs 'n besiissing gemaak het ten opsigte van:

1.3.1 Paragraaf 1 daarvan synde die globale bedrag van die eis wat ek gelas as synde die totaal van die bedrag wat ten opsigte van algemene skade toegeken word plus die bedrag wat toegeken word ten opsigte van verlies aan toekomstige verdienste.

(1.4) Al die ander aspekte is ooreengekom soos uit die konsep-
bevei wat ek as "X" sal merk.

[2] AGTERGROND:

(2.1) Die Eiser se eis spruit voort uit 'n motorbotsing (waarvan die meriete toegegee is en wel 100% daarvan). Die gemelde botsing het plaasgevind soos uit die besonderhede van vordering blyk.

(2.2) Volgens paragraaf 9 van die besonderhede van vordering
(wat gemeensaak is) het die Eiser die voigende beserings opgedoen:

"9.

As gevolg van voormelde mototvoertuigongeluk het die Eiser die voigende liggaamlike beserings opgedoen:

9.1 'n Hoofbesering;

9.2 'n Laserasie van die regterken;

9.3 'n Laserasie van die nek;

9.4 'n Sagte weefsel besering van die nek met gepaardgaande nekspier spasma;

9.5 Emosionele skok."

(paragraaf 9 van die besonderhede van eis)

(2.3) Ek is dus slegs gevra om te beslis ten opsigte van die aspekte vermeld in paragraaf 1.3 hierbo en in hierdie verband is die Eiser se eis (par 11.3 van die besonderhede van vordering) soos volg:

2.3.1 Verlies aan verdienste R332 076.00 (toekomstig):

2.3.2 Algemene skade:R250 000.00

Totaal:R664 076.00

(2.4) Die Verweerder betwis nie dat die Eiser geregtig is op algemene skade nie, maar die bedrag in hierdie verband is in dispuut. Die Verweerder ontken dat die Eiser enigsins geregtig is op enige bedrag ten opsigte van toekomstige verlies aan verdienste en sy saak is dat dit nie enigsins bewys is nie en ook nie sodanig uit die deskundige verslae afgelei kan word nie.

(2.5) Slegs die Eiser het deskundige getuies van kennis gegee en 'n bundel in hierdie verband saamgestel en die opsommings daarvan is as gemeensaak bevestig. Beide partye het in hierdie verband geargumenteer.

[3] DIE KERN VAN DIE DISPUUT:

(3.1) Algemene skade:

3.1.1 Die Eiser se eis is R250 000,00;

3.1.2 Die Verweerder gee toe dat 'n bedrag aan die Eiser betaal moet word, maar die kwantum daarvan is in geskil soos reeds hierbo gese.

(3.2) Verlies aan toekomstige verdienste:

3.2.1 Dit is gemeensaak dat daar geen geiede verlies aan verdienste was nie.

3.2.2 Die Eiser se dat hy in die toekoms 'n verlies aan verdienste sal he en die risiko in hierdie verband loop as gevolg van die emosionele skok.

3.2.3 Verweerder se betoog is in wese dat enige eis in hierdie verband nie uit die botsing voortgespruit het nie en bowendien versuim die Eiser om vir behandeling te gaan of te ondergaan en dat sy probleem 'n drankmisbruik is wat hy nie wil beheer nie en ook nie behoorlik laat behandel nie.

[4] DESKUNDIGE VERSLAE:

(4.1) Lys van deskundige verslae:

4.1.1 Kennisgewing in terme van Reel 1-15 36(9)(a) & (b) - Dr PP Kruger

4.1.2 Kennisgewing in terme van Reel 16 - 28 36(9)(a) & (b) - Dr AP Rossouw

4.1.3 Kennisgewing in terme van Reel 29 - 34 36(9)(a) & (b) - Dr ML Mathey

4.1.4 Kennisgewing in terme van Reel 35 - 36 36(9)(a) - PC Diedericks

4.1.5 Kennisgewing in terme van Reel 37 - 38 36(9)(a) - Prof HLM du Plessis

4.1.6 Kennisgewing in terme van Reel 39-40 36(9)(a) - Dr F Liebenberg

4.1.7 Kennisgewing in terme van Reel 41 -60 36(9){b) - PC Diedericks

4.1.8 Kennisgewing in terme van Reel 61 -71 36(9)(b)-Dr Liebenberg

4.1.9 Kennisgewing in terme van Reel 72 - 77 36(9)(b) - Prof HLM du Plessis

(Die verwysings is na die bladsye van die deskundige bundel wat gemeensaak is).

(4.2) Ad: Dr PP Kruger - oorlede (Ortopediese Chirurg)

•Datum van ondersoek: 15 Maart 2010

• Datum van verslag: 15 Maart 2010

• Teenswoordige klagtes:

"3. TEENSWOORDIGE KLAGTES: Nek:

Hy het tans geen klagtes tov van sy nek nie. Hy het nie pyn in die nek nie, hy het nie pyn in die boonste ledemate nie en hy het ook nie parestesiee nie.

Hy is regshandig en hy het 'n ferm handgreep.

Hy kry 'n occipito-frontale hoofpyn 2-3 keer/week.

Hy het geen flickers voor sy oe of suising van sy ore nie.

Hy gebruik voorskrif medisyne vir die hoofpyn."

(My aksentuering)

• Sport: "3.1.2 Sport:

Hy het sokker gespeel voor die ongeluk en na die ongeluk neem hy nie meer hieraan deel nie. Met spesiale navraag, kon hy nie 'n rede verskaf nie". (My aksentuering)

• Prognose:

Die volgende blyk uit die gemelde verslag:

6.1.2 - Daar is geen langtermyn basis dat

daar 'n swak prognose is nie;

6.2 - Daar is geen ongeskiktheid voortspruitend uit die ongeluk nie;

6.3 - Geen konserwatiewe behandeling of chirurgie word voorsien nie;

6.8.3 - Die pyn wat die Eiser tans ondervind

is nie chronies van aard nie;

6.9 - Geen afwesigheid van werk word voorsien nie.

(4.3) Ad: Dr Rossouw: (Neuroloog)

• Datum van ondersoek: 19-04-2010

• Datum van verslag: 19-04-2010

• Beserings:

Dit blyk baie gering van aard te wees soos blyk uit bladsy 19 van die deskundige bundel.

• Post-traumatiese stres simptome:

Die Eiser het hiervoor behandeling ontvang soos blyk uit bladsy 20 van die verslag en uit die gemelde bladsy blyk dit ook dat hy geen medikasie neem vir sy hoofpyne nie.

• Staanvas Rehabilitasiesentrum:

Uit bladsy 22 van die deskundige bundel blyk dit dat die Eiser drie weke behandeling in hierdie verband ondergaan het.

• Kognitiewe vermoens:

Uit bladsy 25 biyk dit dat hy oormatige alkohol gebruik waaraan die swak geheue toegeskryf kan word.

• Werk tot by aftree ouderdom:

Uit bladsy 26 blyk die volgende:

"On a purely neurological point of view the patient is quite capable of working until the normal

retirement age provided he stops his excessive intake of alcohol".

•Opsomming:

Bladsy 28 van die verslag:

"The patient had a minor head injury which resulted in headache but also post-traumatic stress with drepressing and this day rise to excessive intake of alcohol which is at present his major problem and the consequences can be disastrous."

(4.4) Ad: Dr Mathey: (Psigiater)

• Datum van ondersoek: 10-05-2010

• Datum van verslag: 10-05-2010

• Ander ongeluk:

"Hy word vir berading gestuur, maar hy is van mening dat dit van weinig waarde was. Hy aanskou gedurende 2009 'n soortgelyke botsing waarna alle simptome weer sterk na vore kom. Sy alkohol misbruik neem dermate toe dat hy gedurende Januarie 2010 in Stabilis Kliniek opgeneem word vir rehabilitasie."- bladsy 31 van die bundel (My beklemtoning)

Op hierdie punt moet gemeld word dat dit gemeensaak is dat hy in Mei 2010 laas vir enige behandeling aangemeld het van enige aard en dat die ander botsing deur die Verweerder na verwys word as die moontlike oorsaak van sy probleme insoverre dit mag bestaan.

• Behandeling:

Uit bladsy 33 blyk dit dat hy nog geen behandeling vir sy psigiatriese probieme ontvang het

nie.

• Verdere aanbevelings:

Hy moet so spoedig moontlik na 'n psigiater verwys word vir gepaste verdere behandeling en sy algehele prognose behoort goed te wees -bladsy 34 van die bundel.

(4.5) Ad: Mnr PC Diedericks: (Industriele Sielkundige)

• Datum van evaluering: 7-02-2011

• Onsekerheid oor finansiele implikasies:

".. .it is not possible to reliably predict the financial impact that these risk could hold for his likely future income." - bladsy 57 van die verslag

(4.6) Dr F Liebenberq:

(Ortopediese Chirurg)

• Datum van versiag: 7-04-2011

• Hoofpyn:

"Hy het tans geen nekpyn nie en ondervind selde hoofpyn. - paragraaf 9, bladsy 68 van die bundel.

• Werksvermoe:

"Hy behoort instaat te wees om sy huidige of soortgelyke werk te verrig, tot hy normale aftree ouderdom bereik." - bladsy 69 van die bundel

GEVOLGTREKKING:

(5.1) Ad: Toekomstiqe verlies aan verdienste:

5.1.1 Dit is gemeensaak dat die Eiser die bewyslas in hierdie verband dra.

5.1.2 Uit die verslag van Dr Mathey is dit duidelik dat hy uit die aanhaling iaat blyk dat die botsing wat hy in 2009 aanskou het die oomblik was waarna alle simptome weer sterk na vore gekom het -dit dui daarop dat dit nie op die oorwig van waarskynlikhede gese kan word dat die botsing in casu die oorsaak van die Eiser se probleme is nie en dat dit net so goed aan die 2009 botsing se aanskouing toegskryf kan word.

5.1.3 In elk geval gaan hy ook nie vir behandeling nie en is dit duidelik dat indien hy behandeling sou ondergaan sy algehele prognose goed behoort te wees soos blyk uit bladsy 34 van die deskundige bundel. Ondanks die advies in hierdie verband het hy dit eenvoudig nie gedoen nie.

5.1.4 Hy het hom dus nie van sy bewyslas in hierdie verband gekwyt nie en kan geen bedrag toegeken word ten opsigte van toekomstige verlies aan verdienste nie.

5.1.5 Dien ten gevolge het die Eiser horn in hierdie verband nie van sy bewyslas gekwyt nie.

(5.2) Ad: Algemene skade:

5.2.1 Uit bladsy 8 synde paragraaf 3.1.2 van die deskundige bundel is sy sportaktiwiteite nie ingeperk nie en in elk geval ondanks spesiale navraag kon hy nie 'n rede daarvoor verskaf nie.

5.2.2 Hy het volkome herstel en is sy lewensverwagting hoegenaamd nie geaffekteer nie.

5.2.3 In kort, is hierdie 'n geringe nekbesering en in totaliteit is 'n bedrag van R50 000,00 in hierdie verband die gepaste bedrag wat ek toeken.

(5.3) Diengevolge word in paragraaf 1 van die konsep-bevel gemerk "X" die totale bedrag van R50 000,00 aan die Eiser toegeken en word dit ook dan herhaal in paragraaf 1(a) op

bladsy 2 van die konsep-bevel synde R50 000,00 en geen bedrag word ten opsigte van paragraaf (ff), verlies aan verdienste toegeken nie.

(5.4) Bygevolg soos hierbo uiteengesit is en by ooreenkoms tussen die partye, benewens soos hierbo uiteengesit is en met inagneming daarvan, word die konsep-bevel gemerk "X" met die totale toekenning aan die Verweerder van R50 000,00 In bevel van die Hof gemaak.

GOODEY WR

Datum van verhoor: 11 Mei 2011

Datum van uitspraak: 23 Mei 2011

Namens die Eiser:

Adv F Diedericks SC Christo Botha

Prokureurs Lynnwood Pretoria

Namens die Verweerder:

Adv Mphahlele Prokureurs Fourie, Fismer Pretoria

christo botha attorneys

748

tel: (012) 430 6737

IN THE NORTH GAUTENG HIGH COURT,

PRETORIA (REPUBLIC OF SOUTH AFRICA)

CASE NUMBER: 1110/2010

In the matter between:

L T MASILO PLAINTIFF

and

ROAD ACCIDENT FUND DEFENDANT

(CLAIM NUMBER: & LINK NUMBER: )

HAVING HEARD the parties, the following is made an Order of Court:

1. The Defendant is ordered to pay the amount of

R 50 000 to the plaintiff into the following trust cheque bank account of Christo Botha Attorneys on or before 28 MAY 2011:

CHRISTO BOTHA ATTORNEYS

ABSA BANK - LYNNWOOD RIDGE

BRANCH CODE

TRUST ACCOUNT :

REFNO ELN1/3563

DRAFT ORDER

The aforesaid amount is computed as follows:

(a) General damages R 50 000.

(b) Loss of earnings R_none,

2. No interest will be payable on the aforesaid amount provided, however, that in the event of

late payment interest will be payable on the aforesaid amount at a rate of 15,5% per annum from 23 May 2011.

3. The Defendant is ordered to provide the Plaintiff with an undertaking in terms of Section 17(4)fa) of Act 56 of 1996 for payment of 100% of the costs of the future accommodation of the plaintiff in a hospital or nursing home or treatment of or rendering of a service to him or supplying of goods to him arising out of the injuries sustained by him in a motor vehicle collision which occurred on 25 July 2005, after such costs have been incurred and upon proof thereof.

4. The Defendant is ordered to pay the plaintiff's taxed or agreed party and party costs on the High Court scale, which costs will. Inter alia, include:

4,1 The costs consequent upon the obtaining of the medico legal reports of the following experts:

4.1.1 Dr P P Kruger

4.1.2 Dr A P Rossouw

4.1.3 Dr MLMathey

4.1.4 PC Diedericks

4.1.5 Dr F Uebenberg

4.1.6 Prof H LMdu Plessis

4.1.7 Wilma van der Walt

4.2 The reasonable reservation and qualifying fees (if any) of:

4.2.1 DrAPRossouw

4.2.2 DrMLMathey

4.2.3 P C Diedericks

4.2.4 Dr F Liebenberg

4.2.5 Wilma van der Walt

4.3 The costs of senior counsel.

4.4 The costs consequent upon the attending of Plaintiff's counsel of the pre-trial conference.

5. The costs referred to in paragraph 4 above shall be paid into the aforementioned trust account of Christo Botha Attorneys.

BY ORDER REGISTRAR